

AfriForum

Toekomsberaad 2015

Veilige Gemeenskappe

Agtergrond en Strategie

Saamgestel deur:

Ian Cameron

Hoof: Gemeenskapsveiligheid

AfriForum Gemeenskapsveiligheid

1. Inleiding:

Hierdie dokument dien as riglyn vir AfriForum se veiligheidsnetwerke en AfriForum-lede se veiligheid in Suid Afrika. Suid Afrika se misdaadstatistiek, voorbeelde uit die buiteland en regsmenings word gebruik om AfriForum se denkwysse in die verband te staaf.

2. Agtergrond:

Dit is belangrik om die veranderende politieke klimaat en huidige nood in Suid Afrika in ag te neem om oplossings teen misdaad te kan bewerkstellig.

Met uitlatings soos dié van President Jacob Zuma vroeër in 2015, dat “Jan Van Riebeeck se aankoms in Suid Afrika die begin van al Suid Afrika se probleme was”¹ en “Jan Van Riebeeck en die kolonialiste se koms die weg oopgemaak het vir rassediskriminasie”² word veral die minderhede in Suid Afrika as ongewenste betreders in die land bestempel.

Leier van die EFF (Economic Freedom Fighters), Julius Malema, meen ook dat sy party se lede “nie bang is nie” en dat hulle grondbesetting sal aanmoedig en daaraan sal deelneem totdat hulle Suid Afrika oorgeneem het.³ Die party maak ’n blatante dreigement teenoor veral wit grondeienaars en plaas voortbestaan van eiendomsreg in Suid Afrika onder druk.

Die koning van die Zoeloes, Goodwill Zwelithini, meen dat die meerderheid van grond wat in 1838 klaarblyklik deur die Zoeloes in KwaZulu-Natal beheer is, teruggevat moet word.⁴ Hy het in die afgelope jaar (2014-2015) begin werk aan ’n grondeis van sowat 2,8 miljoen hektaar wat deur die Ingonyama Trust ingedien sal word. Een van die Zoeloe-stamme het reeds in Mei 2015 grond naby Hluhluwe in KwaZulu-Natal beset, ondanks grondeise of die regte prosedures. Daar het in Junie reeds meer as 500 van die stam se beeste op die Kroonvrug-plaas in Hluhluwe gewei; die plaas is nou onbruikbaar vir die eienaar.⁵

Een van die meer aggressiewe aanhitsings tot geweld is deur gewese ANC Jeugliga-leier Ronald Lamola, in 2012 gemaak, “We need an act as forceful as war to bring it [land] back to the Africans”⁶, Lamola is by die Suid Afrikaanse Menseregtekommissie aangekla vir haatspraak maar niks het van die saak gekom nie.

Soos aangedui is die stellings wat in die afgelope 5 jaar deur invloedryke leiersfigure gemaak is, drasties anders as die versoeningspraatjies van die middel 1990’s. Landsburgers moet dus hul eie veiligheid verseker deur binne die raamwerk van die reg te organiseer teen geweld en misdaad in Suid Afrika.

¹ <http://ewn.co.za/2015/02/19/Zuma-reiterates-SAs-problems-began-with-van-Riebeeck>

² <http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/SAHRC-probing-Zumas-Van-Riebeeck-comment-20150218>

³ <http://www.enca.com/south-africa/malema-zumas-land-plan-was-effs-idea>

⁴ <http://www.iol.co.za/news/politics/king-wants-zulu-land-back-1.1715260#.Va-UjSlcSP8>

⁵ <http://www.netwerk24.com/nuus/2015-07-20-boer-vlug-van-kzn-plaas>

⁶ <http://www.news24.com/SouthAfrica/Politics/Land-reform-needs-an-act-as-forceful-as-war-ANCYL-20120619>

Dit is daarom dat AfriForum veiligheidstrukture stig en oplei met die oog op 'n selfstandige vennootskap met die Suid Afrikaanse Polisiediens. Veiligheidsstrukture word bestuur om onafhanklik en in samewerking met wetstoepassingsowerhede te kan werk om misdaad te verhoed en te bekamp.

3. Probleemstelling:

Suid Afrika se misdaadstatistieke dui op algemene wanorde, versnellende staatsverval en agteruitgang van wetstoepassing in die land. In die Gauteng Provinsie alleen het die moordsyfer in die afgelope jaar, 2014-2015, met 10,2% gestyg.

CRIMES	Apr-13 to Jan-14	Apr-14 to Jan-15	DIFFERENCE IN CASES	% DIFFERENCE 2013-2014 / 2014- 2015
--------	---------------------	---------------------	------------------------	---

CONTACT CRIMES (CRIMES AGAINST A PERSON)				
Murder	2690	2965	275	10.2%
Attempted murder	3212	3511	299	9.3%
Assault GBH	34580	35087	507	1.5%
Total Robbery aggravating	34554	39430	4876	14.1%
Total Common robbery	13717	14983	1266	9.2%

- Syfers van SAPD; sekere geweldsmisdade se toename⁷

Suid Afrika het sedert 2004/05 tot 2013/14 deur drastiese stygings van geweld en weer 'n daling gegaan. Statistiek gee 'n aanduiding dat misdaad, veral geweldsmisdad, landswyd weer aan die toeneem is.

Crime in the RSA : April 2004 to March 2005 to April 2013 to March 2014

Crime Category	2004/2005	2005/2006	2006/2007	2007/2008	2008/2009	2009/2010	2010/2011	2011/2012	2012/2013	2013/2014	% change
CONTACT CRIMES (CRIMES AGAINST THE PERSON)											
Murder	18 793	18 545	19 202	18 487	18 148	16 834	15 940	15 609	16 259	17 068	5.0%
Total Sexual Offences	69 117	68 076	65 201	63 818	70 514	68 332	66 196	64 514	66 387	62 649	-5.6%
Attempted murder	24 516	20 553	20 142	18 795	18 298	17 410	15 493	14 859	16 363	17 110	4.6%
Assault GBH	249 369	226 942	218 030	210 104	203 777	205 293	198 602	192 651	185 893	183 173	-1.5%
Assault (com)	267 857	227 553	210 057	198 049	192 838	197 284	185 891	181 670	172 909	167 157	-3.3%
Robbery (Aggravated)	126 789	119 726	126 558	118 312	121 392	113 755	101 463	101 203	105 888	119 351	12.7%
Common robbery	90 825	74 723	71 156	64 985	59 232	57 537	54 883	52 980	53 540	53 858	0.6%
CONTACT CRIMES	847 266	756 118	730 346	692 550	684 199	676 445	638 468	623 486	617 239	620 366	0.5%

- Misdaadstatistiek soos deur die SAPD in 2014 vrygestel⁸

⁷ Gauteng Provinsie SAPD. Misdaadstatistiek. April tot Januarie 2013-2014/ 2014-2015

⁸ Nasionaal SAPD. Misdaadstatistiek. April 2004 tot Maart 2005 tot April 2013 tot Maart 2014

Volgens die mees onlangse beskikbare statistiek meen die SAPD dat daar sowat 47 mense per dag in die land vermoor word.⁹ In die 2013/2014 jaar is daar 17 086 mense in Suid Afrika vermoor – dit is 5% hoër as die vorige jaar en dit het met 9% gestyg sedert 2011/2012.

Redes vir verval:

Daar kan verskeie redes wees vir die verval van polisiëring in die afgelope dekade.

Politieke aanstellings soos dié van Bheki Cele en die huidige nasionale kommissaris van polisie, genl. Riah Phiyega, het definitief 'n invloed op die bestuur en agendas van die polisie. Sedert genl. Riah Phiyega aan die stuur van die polisiediens gekom het, is geweldsmisdaad aan die styg en haar aanstelling gaan gereeld onder skandale.¹⁰

Die 'Marikana-slagting' se hantering dui op die onbevoegdheid waarmee die SAPD bestuur word. Die gewese lt.genl. Zukiswa Mbombo wat tydens die slagting die provinsiale kommissaris van Noordwes was, het slegs een jaar se ondervinding in operasionele polisiëring gehad.¹¹

Die demilitarisering van die SAPD kan ook 'n impak hê op polisiëring siende dat rang al minder 'n rol speel ten opsigte van die gesag wat in die polisie afgedwing word.¹² Kenners soos die Instituut van Sekerheidstudies (ISS) meen dat die polisie eerder weer op die verbetering van basiese polisiëringsvaardighede moet fokus.¹³

Spesialiseenhede soos die gewese Moord en Roof-eenheid is deur die regering ontbind. Beamptes word dus minder in spesialisrigtings aangewend en wanneer spesialiskennis vereis word, is dit nie altyd beskikbaar nie. Bendegeweld en perlemoenstropery in die Wes-Kaap dien as voorbeeld waar spesialiseenhede die enigste antwoord teen die misdade in die gebiede van die oortredings is.

Die ontbinding¹⁴ van die Skerpioene wat vermoedelik polities gedrewe is, het tot die stigting van die Valke gelei, maar politieke inmenging het tot so groot mate plaasgevind dat selfs die Valke nou al minder doeltreffend is. Die Valke kan bevele van die minister van polisie of selfs die president kry, dus is die instansie nie onafhanklik nie. Gewese polisieminister Nathi Mthethwa het al vantevore ondersoek deur die Valke beëindig om die voormalige misdaadintelligensiebaas, Richard Mdluli, te beskerm, en die rede daarvoor was omdat pres. Jacob Zuma deur Mdluli beskerm is om nog 'n termyn as president van die ANC te dien.¹⁵

Laastens word die kriminele element in die polisie ook bevraagteken. AfriForum het in samewerking met die Instituut van Rasseverhoudinge (IRR) vroeër in 2015 die Broken Blue Line 2¹⁶-verslag bekendgestel. Die verslag het gewys dat sowat 1 uit elke 100 polisiebeamptes in Suid Afrika 'n

⁹ <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/47-people-murdered-each-day-in-SA-20140919>

¹⁰ http://www.news24.com/Tags/People/riah_phiyega

¹¹ <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/North-West-police-chief-to-step-down-20150520>

¹² <http://www.sabc.co.za/news/a/48a4b40044706f978383d3d2fc4c2b78/Police-transformation-under-way:-Nhleko-20140620>

¹³ <https://www.issafrica.org/futures/crime-and-criminal-justice/22-oct-2008-iss-today-getting-back-to-basics-simple-steps-towards-regaining-respect-for-the-saps>

¹⁴ <http://mg.co.za/article/2008-01-21-scorpions-disbanding-is-to-protect-anc>

¹⁵ <http://www.sabc.co.za/news/a/709265004b254702b3b8f717f554c234/An-anti-corruption-agency-must-be-independent-to-be-effective-20120605>

¹⁶ <https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/Broken-Blue-Line-finalised-2.pdf>

kriminele rekord het. Die parlement se portefeuljekomitee het in 2014 aangekondig dat daar meer as 1 400 kriminele in die SAPD werk.¹⁷ Sowat 54 van die 1 448 beamptes is skuldig bevind aan moord, maar dra steeds die blou uniform.

Die volgende misdaadkategorieë is geïdentifiseer¹⁸ onder dienende polisiebeamptes wat skuldig bevind is:

Convicted SAPS personnel by crime category, 2013

<i>Category</i>	<i>Number</i>	<i>Proportion</i>
Murder	54	4%
Attempted murder	116	8%
Rape	37	3%
Attempted rape	33	2%
Assault	917	63%
Other offences	291	20%
Total convictions	1 448	100%

Source: PMG, *MONITOR*, August 2013

Polisiebeamptes vervolg (volgens rang):

Convicted SAPS personnel by rank, 2013

<i>Rank</i>	<i>Number</i>	<i>Proportion</i>
Major general	1	0%
Brigadier	10	1%
Colonel	21	1%
Major	10	1%
Lieutenant-colonel	43	3%
Captain	163	11%
Lieutenant	84	6%
Warrant officer	716	49%
Sergeant	267	18%
Constable	129	9%
Personnel officer	4	0%
Total convictions	1 448	100%^a

Source: Parliamentary Monitoring Group (PMG), *MONITOR*, August 2013

^a Owing to rounding figures do not add up to 100%.

¹⁷ <http://ewn.co.za/2014/01/26/Spotlight-on-officers-with-criminal-records>

¹⁸ PMG, *MONITOR*, August 2013

Volgens die Onafhanklike Polisie Onderzoek Direktooraat (OPOD/IPID) was daar 'n totaal van 9 055 sake ontvang vir kriminele oortredings deur polisiebeamptes in 2013/14. Slegs 83 suksesvolle vervolgings en 135 dissiplinêre vervolgings¹⁹ het plaasgevind.

Verdicts in cases received by the IPID against SAPS members by crime category, 2013/14

Type of complaint/notification	Total workload	Cases completed	Criminal recommendations referred to the NPA ^a	Criminal convictions	Disciplinary convictions
Corruption	161	84	18	3	2
Deaths in police custody	339	235	19	6	2
Deaths as a result of police action	593	379	72	27	13
Discharge of official firearm	769	422	33	9	5
Domestic violence rules' contravention ^b	95	48	13	0	7
Misconduct	41	17	0	0	9
Rape by police officials	163	128	34	5	8
Rape in police custody	27	12	0	0	0
Systemic corruption	16	1	0	0	0
Torture/assault	6 065	3 352	1 200	22	68
Other criminal matters ^c	786	367	81	11	21
South Africa	9 055	5 045	1 470	83	135

Source: Independent Police Investigative Directorate (IPID), *Annual Report 2013/14*, September 2014, pp44, 45, 51, 54, and 60

a The National Prosecuting Authority (NPA).

b This complaint pertains to non-compliance with the Domestic Violence Act of 1998 by SAPS members. The IPID Act of 2011 compels non-compliance with reporting procedures of domestic violence incidents to be reported to the Police Secretariat. Non-compliance would include failure to seize arms and dangerous weapons from the respondent where it is reasonable to conclude that the respondent might harm himself, the complainant, or other people; and failure to issue a protection order to the respondent, or to find suitable temporary shelter for the complainant in cases where the complainant's life appears to be in danger.

c Includes arson, attempted murder, crimen injuria, defeating the ends of justice, fraud, harassment, housebreaking, intimidation, kidnapping, malicious damage to property, pointing of an official firearm, possession of suspected stolen property, receiving suspected stolen property, robbery, and theft.

Volgens 'n 'Future Fact'-meningspeiling²⁰ in 2015 is 3 uit elke 10 Suid Afrikaners bang om na 'n polisiestatie toe te gaan. Ongeveer 44% van mense voel daar is geen nut om misdade by die SAPD aan te meld nie en sowat 76% van Suid Afrikaners dink dat die polisie self kriminele is.

Alhoewel daar nog goeie beamptes in die SAPD is, dui bogenoemde syfers op die krisis wat Suid Afrika se polisie in die gesig staar. In party gevalle is wolf nou skaapwagter.

Verskillende inisiatiewe:

1. 'Broken Window Theory'²¹

Hierdie teorie is die grondslag van AfriForum se gemeenskapsveiligheidsstrukture. Die 'Broken Window'-model fokus op enige soort 'wanorde' in 'n area soos gebreekte vensters in 'n dorpsgebied. Die model word nie direk aan ernstige misdaad gekoppel nie; dit dui eerder op vrees in die gemeenskap wat 'n algemene onttrekking van sosiale verantwoordelikhede veroorsaak. Indien veiligheidsstrukture saam met die polisie op kleiner probleme se oplossing en aanmelding fokus, verhoog dit weer die gemeenskap se betrokkenheid. Die model bevorder informele sosiale beheer deur die gemeenskap en veroorsaak dat ernstige misdade nie so maklik plaasvind nie.

Voorbeeld:

AfriForum se Pretoria-Wes buurtwag het straatligte wat buite werking was, geïdentifiseer deur wit linte om hulle vas te maak. Dit het 'n groot oproer in die gemeenskap veroorsaak en

¹⁹ Independent Police Investigative Directorate (IPID), *Annual Report 2013/14*, September 2014, pp44, 45, 51, 54, 60.

²⁰ <http://www.futurefact.co.za/futurefact-finds/futurefact-finds-three-quarters-south-africans-believe-lot-police-are-criminals>

²¹ Broken Windows: The Police and Neighbourhood Safety. George L. Kelling and James Q. Wilson, *Atlantic Monthly*.

die stadsraad moes dit herstel. Die oorsaak was dat misdaad gedaal het en meer gemeenskapslede wou weer by veiligheidsinisiatiewe betrokke raak.

Die volgende navorsers se studies het aangedui dat die 'Broken Window Theory' as ingrypingsmetode suksesvol was:

- a. Berk & MacDonald (2010)
 - i. Ingryping deur die model het by informele slaapplekke en nedersettings van haweloses 'n noemenswaardige afname in geweldsmisdaad, eiendomsverwante misdaad en minder ernstige misdrywe veroorsaak.
- b. Braga et al. (1990)
 - i. Ingryping deur die model in probleemareas het afnames in geweldsmisdaad, eiendomsverwante misdaad, algemene wanorde en dwelmverkope veroorsaak.
- c. Braga & Bond (2008)
 - i. Die model het in probleemareas 'n algehele afname in misdaad veroorsaak, as ook 'n vermindering in oproepe aan wetstoepassers weens wanorde of misdaad.
- d. Reis (1985)
 - i. Die model het 'n verhoging in arrestasies vir minder ernstige misdade veroorsaak wat gelei het tot 'n afname in misdade teen individue en eiendom in besigheidsgebiede.

In Suid-Amerika word daar hulp van die VSA se polisie gevra, naamlik by die huidige New Yorkse polisiekommissaris, William Bratton, en voormalige New Yorkse burgemeester, Rudy Giuliani, wat deur 'Broken Window'-polisiëring 'n stad van geweld omgedraai het. Van die 10 lande met die hoogste moordsyfers ter wêreld, is 8 in Suid-Amerika geleë, met 34 van die wêreld se gewelddadigste stede.²²

Hierdie konsep kan dus deur gemeenskappe self en in samewerking met die staat in Suid-Afrika geïmplementeer word.

2. Die AfriForum-lid as individu

Gemenereg in Suid Afrika laat toe dat enige individu sy of haar eiendom en self kan beskerm. Die verdedigingsaksie mag nie meer skadelik wees as wat nodig is om die aanval af te weer nie. Dodelike geweld mag slegs gebruik word as onskuldige mense se lewens bedreig word.

3. AfriForum Buurtwagte

Hoewel die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie (Nr. 68 van 1995, soos gewysig) en GPF regulasies nie uitdruklik 'n mandaat of riglyne gee vir gemeenskappe om patrollies te bedryf nie, is die reg op selfbeskerming in die Grondwet verskans. Buurtwagte en straatkomitees is ou, bewese konsepte wat wel uitdruklik deur amptelike polisiebeleid, visie en beplanning voorgestaan en ondersteun word.

²² <http://www.worldpoliticsreview.com/articles/15272/fixing-broken-windows-policing-to-make-it-work-for-latin-america>

Daar is geen wetgewing wat gemeenskappe verbied om hul grondgebied te beskerm of te patrolleer nie. Dit is die mees doeltreffende pro-aktiewe teenmisdad-aksie.²³

Buurtwagte bevorder selfstandigheid en verbeter verantwoording van SAPD deur gesamentlike doelwitte en aksies.²⁴ Die kern van buurtwagte is dat daar klem gele word op gemeenskappe wat self verantwoording moet doen vir hulle veiligheid.

4. Privaat Sekuriteit as Oplossing:

Met beperkings en risiko's volgens die Strafproseswet is 'n privaat sekuriteitsmaatskappy wat saam met die gemeenskap bestuur word, 'n goeie oplossing, soos gesien met die *Lonehill Residents Association*.²⁵ Dit verlaag die risiko vir die gewone landsburger. Patroliëde vanuit die gemeenskap dien slegs as oë en ore vir die sekuriteitsmaatskappy wat as reaksie dien. Sekuriteitsmaatskappye beskik oor die nodige versekerings- en lewensdekking, dus is dit 'n risiko waaroor die gemeenskap nie bekommerd hoef te wees nie. Die gebruik van 'n private maatskappy beteken dat die gemeenskap vir die instansie 'n mandaat kan gee vir die beskerming van persone en eiendom. Dit kan selfs uitgebrei word dat die inisiatief se lede toestemming gee vir reaksieledede van die maatskappy om eiendom te mag betree indien ondersoek vir oortreders ingestel moet word. Die sekuriteitsdiens moet ingevolge die '*Private Security Industry Regulation Act*' (PSIRA) word as amptelike sekuriteitsdiens²⁶ geregistreer word.

Sekere privaat maatskappye het hulle eie ambulansdienste gekombineer met sekuriteit. Indien die gemeenskap betrokke is, verhoog dit selfdoenvermoë.

Hi-Risk Unit²⁷ is 'n voorbeeld van 'n maatskappy wat dienste in 'n gemeenskap in samewerking met die gemeenskap lewer en sodoende met privaat dienste, inwoners van gebiede nog meer onafhanklik gemaak het.

Kostes kan aanvanklik hoog wees. Verwys ook na '*Lonehill Residents Association*' se insetkoste van R1500,00²⁸ per lid. Hoe meer gemeenskapslede betrokke raak by die inisiatiewe, hoe goedkoper kan dit word.

AfriForum moedig die betrokkenheid van gemeenskappe by privaat sekuriteitmaatskappye ten sterkste aan weens die drastiese staatsverval en algemene afname in dienskwaliteit van die Suid Afrikaanse Polisiediens. Deur by hierdie maatskappye in 'n gemeenskap betrokke te wees, vind gebiedsdomineringsvanself plaas en misdad neem af.

²³ Zinn & Kelder. 2011. Navorsingsprojek: Basiese Raamwerk vir 'n Doeltreffende Gemeenskapsveiligheidsnetwerk. Afdeling 2.10. Bladsy 19. Aksies van 'n Gemeenskapsveiligheidsnetwerk.

²⁴ Kotie Geldenhuys. Servamus. May 2015. Volume 108. Issue 5. Page 45-46. Bela-Bela SAPS: Policing a Community that takes a stand against crime.

²⁵ Zinn & Kelder. 2011. Navorsingsprojek: Basiese Raamwerk vir 'n Doeltreffende Gemeenskapsveiligheidsnetwerk. Afdeling 2.11. Bladsy 20. Die Ontstaan van Gemeenskapsveiligheidsnetwerke.

²⁶ Private Security Industry Regulation Act, 2001 (Act No 56 of 2001)

²⁷ <http://www.hirisk.co.za/wmenu.php>

²⁸ Zinn & Kelder. 2011. Navorsingsprojek: Basiese Raamwerk vir 'n Doeltreffende Gemeenskapsveiligheidsnetwerk. Afdeling 2.11. Bladsy 20. Die Ontstaan van Gemeenskapsveiligheidsnetwerke.

5. Afgebakende gemeenskappe

Toegangsbeheer tot enige area verminder misdaad. Stadsrade is wel gekant teen die idee weens wetgewing wat stipuleer dat niemand toegang tot 'n publieke area geweier mag word nie.²⁹

Buurtwagte is wel van toepassing in areas waar die gemeenskap strate of blokke wil afbaken. Die betrokke gemeenskap kan by die ingange van hulle gebied merk dat die veiligheidsnetwerk daar aktief is. Daardeur stuur dit 'n boodskap aan misdadigers uit van 'n gemeenskap wat betrokke is by die bekamping van misdaad.

Al is dit nie fisiese toegangsbeheer of afbakening nie, is dit 'n waarskuwing aan die moontlike oortreder dat die gemeenskap weet wat daar aangaan.

Indien 'n gemeenskap toestemming by 'n stadsraad vir afbakening kan bekom, moedig ons aan dat die proses deurgevoer moet word. Dit bevorder eenheid onder die gemeenskap en betrek meer mense as oë en ore teen misdaad. Soos bo beskryf, kan privaat sekuriteitsmaatskappye ook by so projek betrek word; 'n selfstandige gemeenskap word daardeur gevestig.

6. Woonkomplekse

Woonkomplekse is 'n algemene alternatief vir mense wat veilig wil wees in Suid Afrika. Misdaad is laer in hier komplekse of landgoedere. Baie Suid-Afrikaners kan nie eiendom in hierdie areas bekostig nie.

Hierdie komplekse word dikwels deel van die probleemstelling en stygende misdaadstatistiek omdat gemeenskapsdeelname daar verminder. Dit is in die minderheid dat komplekse se inwoners self verantwoordelikheid neem vir hulle sekuriteit.

Privaat sekuriteit is in woonkomplekse ook van toepassing. In sekere gebiede se komplekse het misdaad stadigaan weer begin toeneem en buurtwagte is binne die komplekse gevestig. In Hartbeespoort in die Noordwes Provinsie is '*Harties Watch*'³⁰ gestig vir kompleksinwoners wat ook nou deel van gemeenskapspatrollies vorm.

Dit is belangrik dat indien daar op woonkomplekse aangedring word, daar steeds 'n sterk element van selfdoenvermoë in die gemeenskap ontwikkel moet word. Die Hartbeespoort-voorbeeld werk goed om selfstandigheid vir selfs kompleksinwoners te beklemtoon.

7. 'City Improvement District' (CID)³¹

CID's kan oorweeg word in stedelike gebiede waar grondeienaars self vir bykomende dienste in 'n area betaal. Sekuriteit is onder andere een van die bykomende dienste wat betaal en bestuur kan word deur die gemeenskap.

Volgens die '*International Downtown Association*' in Washington DC word daar tans meer as 1 000 CID's regdeur die VSA en Kanada bedryf. Baie van hierdie CID's is onlangs gestig weens die verval in munisipale dienste en inkorting van munisipale begrotings.

²⁹ Section 21 (1) and (3) of the Constitution of the RSA, 1996 (Act 108 Of 1996)

³⁰ <http://www.hartieswatch.co.za/>

³¹ URBAN GENISES. City Improvement District. www.urbangenises.co.za

Daar is tans sowat 16 wettige CID's³² in die Gauteng-provinsie. Die Gauteng-provinsie se plaaslike owerhede het die verantwoordelikheid volgens wetgewing om self heffings in te vorder van CID-maatskappye. Indien die maatskappy 'n CID-maatskappy sonder winsoogmerk is, kan daar aansoek gedoen word vir die plaaslike owerhede om namens die maatskappy heffings in te vorder. In Gauteng is daar spesifieke wetgewing³³ rondom CID's, maar in die res van Suid Afrika word CID's volgens munisipaliteite se verordeninge gevestig.

Sekuriteit wat verskaf word kan deur privaat sekuriteit of dit kan deur gemeenskapsveiligheidsnetwerke gelewer word as deel van die CID. Albei kan ook saamwerk soos per die '*Lonehill Residents Association*'-voorbeeld wat bo genoem is.

As 'n CID se model met 'n afgebakende gebied, privaat sekuriteitsmaatskappye en buurtwagte gedeel word, is 'n gemeenskap in 'n groot mate selfstandig wat lede se veiligheid betref. Sodoende skep dit vir 'n gemeenskap die vermoë om plaaslike probleme self op te los.

Sekuriteitsdienste deur die CID-model verhoog die standaard van polisiëring in die area en weens dié sigbare element word misdaad verminder en kriminele elemente verjaag.

'n CID help om die bogenoemde '*Broken Window Theory*'³⁴ op 'n doeltreffende wyse toe te pas.

In CID's verhoog die waarde van eiendom ook gewoonlik.

Voorbeelde uit die Buiteland (Doelwitte ingesluit)

Verenigde State van Amerika (VSA)³⁵

In die VSA is daar drie hoofredes vir die vestiging van buurtwagstrukture:

1. Basiese Misdaadvoorkoming
2. Rampgereedheid
3. Om sterker gemeenskappe te bou.

Buurtwagte in die VSA het in die 1960's begin toe misdaad toegeneem het en 'n metode gevind moes word vir gemeenskappe om self betrokke te raak, veral in residensiële areas. Befondsing in die VSA werk anders as in Suid Afrika, aangesien die VSA se departement van justisie die inisiatiewe borg. Buurtwagte in die VSA neem nie langer net deel aan teen-misdaad-aksies nie, maar ook aan ander skoonmaakaktiwiteite in hulle gebiede. Dit kan tot 'n mate vergelyk word met CID's weens daardie bykomende dienste wat deur die gemeenskap gelewer en/of geborg word.

Die volgende voordele is gelys vanuit suksesse wat behaal is deur buurtwagte in die VSA:

³² www.sandtoncentral.co.za

www.rosebank.co.za

www.braamfontein.org.za

www.joburgcentral.co.za

³³ Gauteng City Improvement District Act No. 12 of 1997

³⁴ Centre for Evidence-Based Crime Policy. <http://cebcp.org/evidence-based-policing/what-works-in-policing/research-evidence-review/broken-windows-policing/>

³⁵ Neighbourhood Watch Manual. USAonWatch- National Neighbourhood Watch Program. National Sheriffs' Association.

- Afname in misdaad;
- Verbetering in lewenskwaliteit;
- 'n Sin van belang in die gemeenskap deur individue;
- Aanvaarding van verantwoordelikheid deur individue vir hulle buurt se doen en late;
- 'n Algemene trots en eenheid is deur buurtwagte in gemeenskappe ontwikkel;
- Vrywillige hulp en ondersteuning word aan wetstoepassingsagentskappe gebied deur die gemeenskap;
- Deur oë en ore vir wetstoepassers te wees, verminder die las op wetstoepassingsagentskappe.

Buurtwagte in die VSA het ook samewerkingsooreenkomste met ander organisasies beteken. (Kerke, skole, hospitale, plaaslike regering ens.)

Verenigde Koninkryk (VK)³⁶

Buurtwagte bestaan al vir sowat 25 jaar lank in die VK. 'n Onlangse studie³⁷ het gewys dat buurtwagte misdaad in 79% van gevallestudies in die VK verminder het en sowat 56% in die totale studiegroep van gevalle. In die 1990's het buurtwagte veral 'n impak op huisbraak gehad.

Die volgende vier doelwitte is vir buurtwagte in die VK geïdentifiseer:

- Misdadvoorkoming;
- Vermindering van anti-sosiale gedrag en geleenthede vir misdaad;
- Vermindering van brande en skade as gevolg van brande in die natuur en residensiële areas;
- Om lewenskwaliteit te verbeter.

Nieu-Seeland³⁸

Die volgende drie doelwitte is vir buurtwagte in Nieu-Seeland geïdentifiseer:

- Om spesifiek inbraak en voertuigverwante misdaad te verminder;
- Om vandalisme te verminder;
- Om geweld en algemene wanorde te verminder.

In Nieu-Seeland word gemeenskappe opgelei in die hantering van noodgevalle of ongevalle sodat elke insident so doeltreffend as moontlik hanteer kan word. Dit werk soortgelyk aan AfriForum se Insidentbeheeropleiding waar 'n kommunikasiestructuur vir insidente opgestel word. Elke struktuur is uniek volgens die betrokke gemeenskap.

Die gemeenskap word aangemoedig om vaardighede van mense rondom hulle te identifiseer en rekord daarvan te hou sodat plaaslike probleme vinniger en makliker opgelos kan word. Daar word klem gelê op die gemeenskap wat plaaslike probleme self moet oplos en verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar.

³⁶ Measuring Neighbourhood Watch. Views of Effectiveness. V1.02. Richard Slatter BSc. MIET. Copyright Hertfordshire Constabulary. May 2009.

³⁷ Bennett, T.H., Holloway, K. And Farrington, D.P. (2006) "Does Neighbourhood Watch reduce crime? A systematic review and meta-analysis.

³⁸ Mayhew, J. And Reilley, P. –Findings from the New Zealand Crime and Safety Survey.

Indië³⁹⁴⁰

Volgens die polisie departement in Delhi word daar meer op eiendomsverwante misdaad gefokus. Anders as in Suid Afrika en ander lande waar die gemeenskap die polisie nader, nader die polisie in Indië die gemeenskap. Indien die probleem nie in 'n residensiële area is nie, kan die Indiese buurtwagskema aangepas word vir besigheidsareas, woonstelblokke ens.

Die volgende doelwitte, soortgelyk as dié van die VK, VSA, Kanada en Australië, word as grondslag vir buurtwagte in Indië gebruik:

- Om eiendomsverwantemisdad te verminder;
- Om die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap te verbeter;
- Om die moraal en gees in die gemeenskap te verbeter;
- Om misdaad deur minderjariges te bekamp deur die jeug ook betrokke te maak.

Gebiede met die volgende probleme word vir buurtwagte in Indië geïdentifiseer:

- Roof
- Inbraak
- Voertuigdiefstal
- Diefstal

Daar word veral klem daarop gelê dat polisiebeamptes op 'n individuele vlak met gemeenskapslede praat om hulle uit te nooi na die organisering van die buurtwagte toe. In 'n residensiële area mag geen buurtwag 'n area van meer as 500 huise dek nie. Elke buurtwag moet dieselfde area dek as wat hulle plaaslike beampte/beamptes van die polisie dek.

Die Verenigde Nasies (Dwelms en Misdaadkantoor)⁴¹

Alhoewel daar nie baie dokumentasie vanuit die VN beskikbaar is rondom buurtwagte nie, is daar 'n duidelike boodskap vanuit die VN se '*Criminal Justice Assessment Toolkit*'⁴² dat buurtwagte 'n belangrike rol te speel het in misdaadbekamping.

Die VN meen dat daar waarskynlik 'n beampte per area per buurtwag beskikbaar moet wees. Saam identifiseer die gemeenskap en die polisie probleme wat aandag benodig en ontwikkel dan oplossings. Daar word ook na verwys as 'Problem Orientated Policing' wat dikwels saam met 'Broken Window Theory/Policing' toegepas kan word.⁴³

Gemeenskapspolisiëring word aangemoedig omdat die gewone persoon op straat 'n beter kans het om iets wat verkeerd is, raak te sien daar waar hy of sy bly, werk of beweeg. Anonieme wenke of waarskuwings oor misdaad word ook deur die VN beklemtoon. Crime Line⁴⁴ in Suid Afrika is 'n goeie voorbeeld van hoe effektief anonieme waarskuwings of wenke kan werk. Volgens die VN speel buurtwagte 'n belangrike rol as die oë en ore vir wetstoepassers en sekuriteitsmaatskappye.

³⁹ <http://www.delhipolice.nic.in/home/watch.htm>

⁴⁰ <http://timesofindia.indiatimes.com/city/bengaluru/Neighbourhood-watch-scheme-launched/articleshow/6501913.cms>

⁴¹ United Nations. Office on Drugs and Crime. OSCE Belgium 2006. Public Safety and Police Service Delivery. Criminal Justice Assessment Toolkit.

⁴² United Nations. Office on Drugs and Crime. OSCE Belgium 2006. Public Safety and Police Service Delivery. Criminal Justice Assessment Toolkit.

⁴³ <http://www.popcenter.org/learning/60steps/index.cfm?stepNum=5>

⁴⁴ <https://www.crimeline.co.za/>

Strategie vir Veiliger Gemeenskappe

Patroliering en Reaksie

Patroliering is veiligheidsnetwerke of buurtwagte by AfriForum se kernaktiwiteit. Dit is die eerste stap tot gebiedsdominerende en die selfdoenstrategie om vry, veilig en voorspoedig te kan voortbestaan. Patrollies moet deurlopend in elke gemeenskap plaasvind, hetsy dit landelik of dorpsgebied is. Dit dien as sigbare polisiëring en verlaag misdaad oor die algemeen.

Reaksie en patroliering word plaaslik gekoördineer, tensy daar 'n instruksie van hoofkantoor af gekom het.

Veiligheidsstrukture word toegerus met insidentbeheerplanne indien hulle dit nie plaaslik formuleer en hanteer nie. Misdaad-tendense kan ook bepaal word en by hierdie planne gevoeg word. Hulpbronne en patrollies kan daarvolgens bestuur word.

Opleiding:

Alle veiligheidsinisiatiewe moet gepaard gaan met die noodsaaklike opleiding. Gemeenskappe moet binne die raamwerk van die wet die hoogste standaard moontlik stel met gemeenskapspolisiëring. Die enigste manier om gehalte te verseker in die vrywillige diens wat veiligheidsstrukture bied, is deur opleiding van hoë gehalte in verskillende dissiplines.

Die volgende opleiding word deur AfriForum en diensverskaffers aangebied om patrollie- en reaksielede toe te rus:

Basiese patrollieopleiding⁴⁵

- Basiese patrollieopleiding sluit in die eerste stappe om 'n buurtwag op die been te bring. Basiese kommunikasie, wetlike aspekte en logistiek word ook verduidelik. Elke patrollielid moet hierdeur gaan omdat vrywarings en gedragskodes ook bespreek en beteken word.
- (Die AfriForum-gids "Gemeenskapspatrolliekoördinerende 2014" is op aanvraag beskikbaar by afriforum@afriforum.co.za)

Regsaspekte^{46 47 48 49 50}

- Lede van veiligheidsstrukture woon hierdie opleiding by om te verseker dat alle patrollielede presies weet wat hulle mag en nie mag doen nie. Verskillende soorte misdrywe word beskryf en gekategoriseer om te verduidelik wie waar mag en nie mag optree nie. Skakeling en verantwoordelikheid van die polisie word gestipuleer sodat beide wetstoepassers en burgers weet wat hul pligte is.

Toneel hantering

- Alle reaksie- en patrollielede word geleer hoe om tonele af te baken en te bewaar. Dit is 'n behoefte omdat gemeenskapslede gewoonlik eerste op misdaadtonele is en moet sorg dat tonele nie besoedel of vertrap word nie. Dit is veral in landelike gemeenskappe van kardinale belang. Hierdie opleiding sal die polisie ook help en hul werk te vergemaklik.

⁴⁵ AfriForum Gemeenskapspatrolliekoördinerende. 2014

⁴⁶ Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie (Wet 68 van 1995, soos gewysig)

⁴⁷ Suid-Afrikaanse Polisie: Interim regulasies vir gemeenskapspolisieforums en -rade (Staatskoerant 11 Mei 2001)

⁴⁸ Groenskrif op polisiëring (Die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie, SAPD-webtuiste, Junie 2013)

⁴⁹ SAPD Strategiese Plan 2010-2014 (SAPD, SAPD-webtuiste 2010)

⁵⁰ SAPD: Interim regulasies vir gemeenskapspolisieforums (SAPD, 2001)

Gespesialiseerde opleiding vir reaksiespanne

- Wetlike aspekte
 - Tonele
 - Arrestasies
 - Scenario's
-
- **Basiese Noodhulp**⁵¹
(Die Afriforum-gids, "Basiese Noodhulp vir Noodgevalle Vlak 0. 2014" is op aanvraag beskikbaar by afriforum@afriforum.co.za)

 - **Basiese Noodhulp Vlak 1**⁵²
(Die Afriforum-gids, "Basiese Noodhulp Vlak 1. 2014" is op aanvraag beskikbaar by afriforum@afriforum.co.za)

Akkreditasie is in proses, dit wil se AfriForum kan geakkrediteerde noodhulp aanbied.

- **Radiokommunikasieopleiding**⁵³
(Die AfriForum-gids "2-rigtingradio. So werk dit. 2014" is op aanvraag beskikbaar by afriforum@afriforum.co.za)

Insidentbeheerstelsel (Incident Command System (ICS))

Alle AfriForum-veiligheidsstrukture moet betrek word by die ICS om meer doeltreffend te kan reageer en insidente te hanteer. Sekere strukture het reeds 'n ICS en dus skep dit ruimte om aanvullende strukture se ICS'e net by te voeg. Dit is van kardinale belang dat alle strukture op dieselfde standaard moet wees om in hierdie georganiseerde struktuur te kan saamwerk. 'n Basiese organogram moet voltooi word om die reaksiestelsel te verbeter.

AfriForum voeg die staat se nooddienste ook by in alle noodplanne, maar daar word ook privaat voorsiening gemaak vir enige onvoorsiene probleme met staatsbystand.

Hierdie beplanning kan op presies dieselfde wyse nasionaal toegepas word sodat 'n nasionale operasie met alle AfriForum-strukture kan plaasvind. (Dit sal ook later in 2015 gebeur.)

Radionetwerke

Alle AfriForum-veiligheidsstrukture moet die vermoë hê om met mekaar te kan kommunikeer. AfriForum se veiligheidsstrukture het tans bykans almal toegang tot 'n radionetwerk in die gebiede waar hulle operasioneel is. Tans word MarNet-, UHF- en VHF-radio's by veiligheidsstrukture gebruik. AfriForum moet 'n struktuur daarstel sodat dorpe, distrikte en provinsies met mekaar kan kommunikeer.

- Byvoorbeeld: Indien daar onluste tussen Kuruman en Kathu in die Noord-Kaap is, kan Vryburg se buurtwag hulself voorberei om lede te beveilig, te beskerm en natuurlik sigbare polisiëring toe te pas. Kuruman en Kathu kan dit aan ander strukture soos in Kimberley en Springbok kommunikeer. Die boodskap kan van daar af gestuur word na die aangrensende provinsies en na die nasionale beheerkamer wat in Pretoria geleë sal wees.

⁵¹ AfriForum Basiese Noodhulp vir Noodgevalle Vlak 0. 2014

⁵² AfriForum Basiese Noodhulp Vlak 1. 2014

⁵³ AfriForum 2-rigtingradio. So werk dit. 2014

AfriForum gemeenskapsveiligheid is besig om aan 'n netwerk te werk wat landswyd sal kan kommunikeer.

Beheerkamers

Sodra 'n veiligheidsstruktuur 'n insidentbeheerplan in plek het, moet daar gekyk word na 'n beheerkamer. AfriForum kry eers planne vir patrollies, kommunikasie en insidentbeheer in plek voordat beheerkamers gevestig word.



Verskillende beheerkamers:

- Sekuriteitsmaatskappye
- Skeepshouers
 - Ideaal vir beheerkamers in Suid Afrika weens onsekerheid oor eiendomsreg. Skeepshouers kan vervoer word en die ligging van so 'n beheerkamer kan gereeld verander word indien nodig. Die houers hoef ook nie altyd net vir een gebied gebruik te word nie; indien 'n gebied nie regtig gebruik maak van die beheerkamer nie, kan dit vervoer word na 'n area waar dit wel gebruik gaan word.
- Privaat eiendom as beheerkamer
- Tydelike Gesamentlike Operasionele Sentrum (GOS)
 - 'n Tydelike GOS kan opgestel word vir massapatrollies / teenmisdadoperasies